

## MY JEUGJARE

Thys du Preez

Augustus 1936; die jaar waarin die SAUK-uitsendings begin het. Daar was ook ander gebeurtenisse maar dit is die maand en jaar waarin ek gebore is. Ons radio in die veertigerjare was 'n houtkas wat bo rond was en met 'n karbattery wat my pa met 'n windlaaiër moes laai, gewerk het. Die antenne was lang bamboespale met 'n draad van seker 50 meter lank wat deur keramiekisoleerders van die pale geskei is. Wanneer die radio aangeskakel is, het daar klank met veel stoornis uitgekom wat Pa die *atmospherics* genoem het. Dit, terwyl ons luglangs seker maar so 60 myl van die sender by Klipheuwel naby Malmesbury was.



My jeugjare is op die platteland deurgebring, deels in 'n erg afgesonderde gemeenskap bo-op die Piketberg in skoon lug en die pragtige natuur. My pa was 'n laerskoolonderwyser wat in 1937 deur die Onderwysdepartement gevra is om die skool daar te gaan regruk want dit het nie goed gegaan nie. Hulle het gesê hy moet net probeer om ten minste 'n jaar daar uit te hou. Hy het gedoen wat hom gevra is en tot sy aftrede daar bly werk.

*Ma met my waar ek een jaar oud is by 'n speelgoedkar wat vir my ouer broer gekoop is. Die speelgoedkar was van blikmetaal. Plastiek het nog nie bestaan nie; bakeliet, 'n plastiekverwante materiaal, wel.*

Die Berg se mense was baie afgesonderd omdat daar vir jare geen behoorlike toegangsweg vir motorverkeer was nie. 'n Groot boer, Johannes Paulus Eksteen Versfeld (1838 - 1896) het uit radeloosheid dat sy arbeiders met pik en graaf 'n bergpas 4km lank gemaak het. Die pas het drie lusdraaie gehad omdat dit vir ossewaens gemaak was. Dit is waarskynlik uniek in die ganse wêreld (Raadpleeg my artikel in Pretoria Africana Jaarboek 1994). Die foto's van die ou pas is so 20 jaar gelede geneem, maar dit het sedert 1946 in onbruik verval.

Ons moes die pas met my pa se 4-silinder Willyskarretjie uitry en omdat die paaie nou was en plek-plek kleierig, het my pa in die winter kettings aan die agterwiele vir traksie gesit. Gedagtig daaraan dat een van my latere skoolmaats se ma in 'n motor daar afgerol en gesterf het en hy as baba gered is deur op 'n slangbos, 'n sagte soort plant uit te val, het ma soms agter die kar die pas uit geloop — te bang om saam te ry.



*Die ou Versfeldpas met een van sy drie lusdraaie*

Die skooltjie was gebou van klip met rietdakke, sonder plafonne en ligte. In die banke was inkpotte want ons het met pen en inkskryf. Balpuntpenne het wel in 1945 hul verskyning gemaak maar die eerstes was nie baie suksesvol nie en het gesmeer. In die kindertuin, voor ek in 1943 daar gekom het, is leie en griffies nog gebruik.

Die plaasskool het op sy hoogtepunt 100 leerlinge gehad wat geleidelik afgeneem het. Omdat ons te min was, het Pa wat die hoof was, ons laat netbal speel – seuns en dogters deurmekaar. Ek was doelgooier. In 1944 toe ek in Sub-B was, het Pa my 'n tweedehandse liniaal gegee wat ek tot vandag besit en waarmee ek al my belangrike eksamens afgelê het.

Weens die jarelange afgesonderdheid, ekonomiese depressie en WO II was die mense meesal arm, het taamlik ondertrou en kindertuinleerlinge het soms van ondervoeding in die skool flou geval. Ons was natuurlik self ook maar arm. 'n Voedingskema is begin en Ma moes daaglik twee emmers sop kook en toebroodjies maak. Van die meer vermoënde boere is gevra om appels te skenk waarvan elke kind een gekry het. Visolie/Lewertraan moes ook gedrink word wat ek genadiglik vrygespring het omdat ek nie ondervoed was nie. Kinders is higiëne geleer en om hul naels met 'n skerp gemaakte lemoenstokkie skoon te maak (LW: nie 'n lemoenhoutsplinter nie).



*Pa met sy laaste klas met sy aftrede in 1966. Die nuwe skool is kort voor sy aftrede na hom vernoem.*

Daar was kinders in die skool wat nog nooit 'n trein gesien het nie, hoewel ons 13 myl van die dorp af was en hul ouers nie vervoer gehad nie. Eendag het ek gesien dat 'n droë varing gedurende speelyd (skoolpouse) dwarsdeur 'n dogtertjie se voet steek dat dit bo uitkom. Ons het meesal kaalvoet geloop. My pa moes haar met sy kar dokter toe neem en die rekening betaal omdat hulle so arm was.

Dit was 'n tyd van huisgodsdienste hou en jy nie 'n speurverhaal op 'n Sondag mag lees nie. In die NG Kerk was daar geen kruis nie want *dis Rooms*. Voor en na ete was daar dankgebede. Jy was so deurdrenk met godsdienste dat ek vandag nog ongerus raak wanneer die son strale deur 'n wolk maak; dan onthou ek Ouma se groot geraamde prent van die *Smal en die Breë Weg* met die oog wat uit die wolk kyk.

Pa (geb. 1902) moes in dié gemeenskap 'n rol vervul wat geen onderwyser seker vandag bereid sal wees om te doen nie: hy moes drie van die vier Sondae in die maand kerk in die kerksaal hou; mense met hul testamente en vorms help, en begrafnisse hou waar hy dan die sang moes insit sonder musiek. Ek onthou van die hallelujaliedere, *Sal die kring daarbo volmaak wees eenmaal weer, by die Heer?*

My eerste film het ek in dié skool gesien. Dit het oor hoe om jou tande te borsel, gehandel en Pa het dit as 'n *kalkligvertoning* bekend gestel wat gewys het dat hyself nog nooit 'n rolprent gesien het nie.

In die laerskool moes ons die verskillende wynvate se inhoudmate ken en somme met die simpel Engelse stelsel van £ /- d (Pond, sjielings en pennies) maak (*Daan Desimaal* het eers omstreeks 1961 verskyn). Dit was 'n tyd toe mens nog een

*nigger ball* met 'n oortjie kon koop, twee vir 'n stuiwer en vier vir 'n pennie. Dié het jy sommer by die winkel in 'n stuk koerantpapier wat soos 'n tregter gedraai was, gekry. Wie onthou nog borssuikers? Staaflekkers met 'n oranje streep soos die haarkappers se paal buite die salon.

Nog voor ek skool toe is, het Pa, nadat ons eers 'n huis gehuur het, 13 morg onbewerkte berggrond gekoop waarop hy ons eie huis laat bou het. Met die hulp van Edeward Jantjies, ons bruin tuinwerker en ander is die kleinhoewe tot 'n plek wat inkomste kon lewer, ontwikkel. Ons het verskeie vrugtebome gehad, duisende hoenders waarvoor ek lêmeel in die voerders moes gooi. Met donkies en 'n eenskaarploeg het ons tussen die appelkoosbome geploeg sodat ek nou nog weet hoe om donkies en perde in te span en nie banke te ploeg nie. In die winter as ek graag by die kaggel wou sit, het pa my kom haal, *want daar is net een ding wat mens warm maak en dis werk*. Dan moes ek in die reën gaan help bome plant. Mens neem 'n leë streepsak, vou dit in oor jou knie tot 'n kappie en as die buitenste laag eers nat is, reën dit nie daardeur nie.

Na die oorlog in 1946 as ek reg onthou, het Pa 'n nuwe Amerikaanse Willys Jeep vir £427 (R854) gekoop. Ek het daarmee leer bestuur en het sedert my 14de jaar soms alleen op die Berg se plaasbergpasse gery. Ek het vandag nog so sin in 'n Jeep, maar hul kos nou R900 000. Daardie dae het petrol nog 1/6d (15c) 'n gelling (4,5 liter) gekos.

Een dag speel ons *sokker* met 'n tennisbal en een kind skop my op my linker maermerrie dat die litteteken vandag nog daar sit. Dit begin aaklik te sweer sodat daar selfs 'n gat in die wond inval en Ma dien sulfonamiedtablette toe. Dit was die beste medisyne beskikbaar in die vroeë veertigerjare. Toe kry ek erge nierpyn en pa jaag met my dokter toe met die Jeep wat so stamp op die sinkplaatpad dat halfpad voor ons by die dokter kom, die pyn verdwyn het. Die dokter sê ek moes baie water gedrink het want die sulfonamiede het kristalle in my niere gevorm wat die pyn veroorsaak het. So teen 1947 word ons bewus van 'n wondermiddel in Suid-Afrika — penisillien, 'n antibiotikum.

In die laerskool het ek al die Tarzanboeke verslind en ure lank in die bome rond geklim. So ongeveer 1947 kry ons 'n telefoon bestaande uit 'n houtkas met 'n slinger. Ons nommer was 1222, want dit was 'n *partylyn* waar ander ook op was en jou kon afluister – en hulle het ook. Ons was op lyn 12 en ons lui was twee kortes gevolg deur twee langes. Ander oproepe moes deur die sentrale gaan met *Nommer asb*. Plattelandse telefoonsentrales het 'n diens gelewer waarvan ons vandag net kan droom. As student op Stellenbosch bel ek een keer my ouers, maar hulle is nie tuis nie. Na 'n rukkie sê die telefoniste vir my: *Meneer die mense wat jy soek, sit hier voor die poskantoor in hul motor*.

Omstreeks 1949 was daar 'n moordenaars, ene Maria Lee, wat 'n stuk of vyf van haar mans met arseen die ewigheid ingehelp het. Sy was ons dominee se suster, maar was nie van ons dorp nie. Daar is soos die graf oor die dominee se verwantskap met haar geswyg sodat my ma my dit eers in haar negentigerjare vertel het. Pa was op die kerkraad wat die dominee vir vier maande Argentinië toe gestuur het om daar onder die Afrikaners geestelike werk te gaan doen. Eintlik was dit om hom die verleentheid en hartseer van die hofverrigtinge en koerantberigte te spaar. Sy suster is skuldig bevind en tereggestel. Ek is vandag nog verstom oor hoe dig die grootmense hierdie geheim bewaar het.

In 1947 kom die Engelse koning, George VI met sy vrou en twee dogters, Elizabeth en Margaret na Suid-Afrika. Ons was in dr. D.F. Malan se onbestrede kiesafdeling en nie juis liefhebbers van konings wat boonop Engels praat nie. Elke skoolkind kry 'n medalje in die vorm van 'n koperpennie met 'n speld wat die besoek herdenk. Ons het die medalje as teiken vir tolgooi gebruik en party het dit aan hul broeke vasgespeld op plekke wat ek lief nie verder wil beskryf nie. As 'n koning ooit sy geld in die water gegooi het, dan was dit op Piketberg.

WO II het ons nie veel geraak nie omdat Pa meeste van ons eie kos geproduseer het. Hy kon net nie petrolkoepons kry om Stilbaai toe te ry nie. Ons het melk, groente, vleis en botter gehad maar kon net geelsuiker te koop kry. Dit was bekend as *goewermetsuiker* omdat dit minder geraffineerd was. Wit suiker was glo oorlogsmateriaal.

Italiaanse krygsgevangenes is by boere uitgeplaas en kon vry rondloop en is goed behandel. Toe ek Italië in 1964 besoek het, het ek in Rome 'n vriendelike winkelier ontmoet wat nog bietjie Afrikaans kon praat. Sommige krygsgevangenes het hier agtergebly of na die oorlog teruggekom.

Die plaaslike politiek was ietwat onstuimig. 'n *Rooilissie*-soldaat is deur ons predikant uit die kerk gejaag en die Nat-Sap stryd was redelik hewig. Eendag op pad vanaf die dorp toe ons verby 'n plaas ry waar so 'n oom gewoon het, vra ek my pa, *Pa, wat is die Ossewabrandwag*. Ek was nog in die laerskool en hy het seker gedink dat dit 'n te lang verduideliking vir 'n kind op 'n sinkplaatpad met 'n hoë middelmannetjie was en het net gesê, *Hulle is vuurvreters* terwyl hy konsentreer om die kar op die pad te hou. Ons was Nattes maar darem nooit vuurvreters nie.

Dit was ook 'n tyd dat ons soms fuike vol hoenders verkoop het. So is Pa en ek eendag besig om fuike te maak en die spykers buig kort-kort. Pa was taamlik bysiende en eintlik linkshandig gebore maar regshandig in die skool geslaan omdat die onderwysers destyds geglo het dit is somer bog dat 'n kind met sy linkerhand wou skryf. Pa sê toe *dis spykers wat ou Jannie (Smuts) weer uit Engeland ingevoer het*. In 1948 nadat dr. Malan aan die bewind gekom het, buig die spykers op 'n dag weer so baie en vra ek wie se skuld dit nou is dat hulle so buig, waarop pa sê, *Dis nog ou voorraad*, dit bly dus *Ou Jannie* se skuld). Ons ontmoet 'n kennis in die dorp en pa vra hom uit oor 'n siek vriend op Porterville. Die oom sê, *Nee foeitog, hy lê op sterwe, maar is darem tog so nasionaal!* (Jammer dat so 'n man moet omkom).

Nou wil ek hier net byvoeg dat my pa wel later 'n ordentlike skoolgebou van die Departement gekry het nadat ek al op universiteit was. Ook dat mense ons vandag as voorheen-benadeeldes sal kan beskou, maar dat vele van my arm skoolmaats ver in die lewe gevorder het. Een was stadsklerk van Vereeniging; Marthinus Theart was hoof van 'n groot skool in Pretoria (ons was saam van Sub-A tot St. 6; hy is lid van dié NTvl-tak); drie was universiteitprofessore (Chemie, Ingenieurswese en Wiskunde) ens. Hulle het nie agter hul omstandighede geskuil nie maar daarbo uitgestyg. Die gemeenskap wat eens so arm was, is vandag welvarend.

Na st. 6 wat destyds 'n eksamen was waarvoor jy 'n sertifikaat kon kry en daarmee in die polisie werk kon kry, is ek hoërskool toe. Die onderwysers van daardie tyd sou vandag van aanranding aangekla kon word. Eendag in st. 6 moes ons op die swartbord iets in Duits vertaal en ek skryf toe *Ich weisse* i.p.v. die onreëlmatige *ich weiss*; toe slaan die onderwyser my sommer met die bord se hout meetpasser oor die waai van my bene om te help onthou. Ek moet sê, ek het onthou.

In die veertiger- en vyftigerjare het ons net in 'n driehoek beweeg, gelukkig darem nie soos die Bermuda een nie. Dit was Piketberg, Stilbaai en Stellenbosch. Dit was 'n tyd toe mens nooit vinniger as 40 myl en later 50 myl per uur gery het nie en die enigste stukkie teerpad tussen Riversdal en Piketberg was dié tussen Wolseley en Worcester waarop jy net op die teer met die regterkantste wiele kon ry as verkeer aankom. In die veertigerjare het hierdie rit agt uur lank geduur en perdeskoene wat soms in die pad gelê het, het die motorbande stukkend gesteek. Mens het nie in daardie jare deur die land gereis nie want die paaie was meesal gruispaaie en die motors en hul bande nie van vandag se gehalte nie.

Op Stellenbosch aangekom, het pa gesê, *Kind, ek het nie geld om te mors nie.*



*Doen jou bes.* Ek het gesorg dat ek elke jaar veilig geslaag het. In my jare op Stellenbosch het jy klas toe gegaan geklee in 'n langbroek, baadjie en 'n das. Daar was dissipline en respek. Van my professore was Willem Kempen, Eitemal (Erlank), Meyer-Div. (Afr.Nedl.); A.B. van der Merwe en Du Toit (Sielkunde); Serton en Nel (Geografie), en Trümpelmann (Duits).

*Universiteit van Stellenbosch 1956: my niggie en ek op die vlot as troebadoer*



*Ons gesin 1954*

In 1958 is ek Ikeys toe om te gaan leer Engels praat en my vir 'n nagraadse diploma in Biblioteekkunde te bekwaam. Later jare as werkende persoon het ek saans vanaf Bellville Stellenbosch toe gery om 'n honneursgraad te behaal. By Tukkies het ek 'n M.Bibl. gaan doen en beskou dit as 'n groot voorreg om aan drie verskillende universiteite te kon studeer.

In ons familie is daar altyd baie gelag en ek het my hele lewe lank 'n aanvoeling vir die komiese gehad. Eintlik het ek 'n sterk spesmas dat ek dalk nooit werklik my jeug ontgroeï en tot ware volwassenheid gekom het nie.

Die Franse digter, Paul Verlaine wat vier jaar in die tronk vir aanranding gesit het, het homself in 'n mooi gediggie afgevra, *Qu'as-tu fait de ta jeunesse?* (Wat het jy met jou jeug gemaak?)

Wel, dit is min of meer hoe my jeug verloop het en wat ek daarvan probeer maak het.

---